*Die Tweede Brief van*

# IOANNE

| | | |
|---|---|---|
| **Outeur** | **:** | **Ioanne.** |
| **Aan** | **:** | **'n Getroue Gelowige Kurhia.** |
| **Rede** | **:** | **Bemoedig die uitverkore Kurhia en waarsku haar teen valse leraars.** |
| **Geskryf in** | **:** | **Jerusalem.** |
| **Geskryf tussen** | **:** | **67-68 CE** |

## Voorwoord.

Die brief is gerig aan die "uitverkore Kurhia en haar kinders" wat waarskynlik verwys na 'n plaaslike Ekklesia en sy lede. Hulle moet mekaar liefhê en standvastig bly in hulle stryd teen dwaalleraars en hulle dwaalleer.

## Opskrif en Seëngroet.

**1** Die Ouderling,

Aan die uitverkore Kurhia en aan haar kinders—wat
ek in Waarheid liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal
wat die Waarheid leer ken het;
2 ter wille van die Waarheid wat in ons bly en by ons vir ewig
sal wees—

3 genade, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van Aleim
die Vader en van Regeerder IESO die Gesalfde, die Seun van
die Vader, in waarheid en liefde.

**Wandel in die Gesalfde se Gebod en Pasop vir die Verleiers.**

4 Ek was baie bly dat ek van u kinders gevind het wat in die
Waarheid wandel, soos ons 'n gebod van die Vader ontvang
het.
5 En nou bid ek u, uitverkore Kurhia, nie asof ek u 'n nuwe
gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het:
dat ons mekaar moet liefhê.
6 En dit is die liefde, dat ons wandel volgens Sy gebooie. Dit
is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle
daarin moet wandel.
7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie
bely dat IESO die Gesalfde in die vlees gekom het nie. Dit is
die verleier en die antigesalfde.
8 Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur
arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.
9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van die
Gesalfde nie, hy het Aleim nie. Wie in die leer van die
Gesalfde bly, hy het die Vader sowel as die Seun.
10 As iemand na julle kom en hierdie Leer nie bring nie,
ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.
11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose
werke.
12 Alhoewel ek baie het om aan julle te skrywe, wou ek dit
nie met papier en ink doen nie, maar ek hoop om na julle te
kom en van mond tot mond te spreek, sodat ons blydskap
volkome kan wees.
13 Die kinders van u uitverkore suster groet u. Amen.